**Woensdag 1 Maart**
**Skrifgedeelte: Psalm 33:1-22; Jesaja 40:12-14**
**Fokusgedeelte: Psalm 33:11, 18-20; Jesaja 40:12-14**
**Die Raad van God en die mens**

Die kerkraad is die koning of regeerder van die plaaslike kerk. Wanneer so ’n kerkraad besluit om ’n kerkgebou op te rig, raadpleeg hulle ’n argitek, bouaannemer, bourekeningkundige, ensovoorts. Dit duur maande/jare voordat die gebou in gebruik geneem kan word.

Maar toe die Koning der konings die hemel en aarde geskep het – wie was sý raadgewers gewees? “Wie het die Gees van die HERE bestier en as sy raadsman Hom onderrig? Met wie het Hy raad gehou dat dié Hom verstand sou gee en Hom sou leer aangaande die pad van die reg, en Hom kennis sou leer en Hom bekendmaak die weg van volle insig?” (Jes. 40;13, 14). Van ewigheid tot ewigheid het God Drie-enig sy Raadsplan opgestel (Ps. 33:11).

God se Raadsplan oortref alle menslike perke en vermoëns. Tog beskryf Jesaja (40:12) op ’n menslike manier God se grootheid: Die miljoene liter waters (wolke, seë, riviere) het God met sy hand afgeweeg! Die afstand tussen die verskillende hemele (wolkehemel, die hemel daar bó en die sterrehemel) – wie het dit afgemeet? Die inhoudsmaat van stof, sand, klippe, rotse wat afgeweeg moes word om berge en strande te vorm – wie het dit bepaal?

Die Raad van God omsluit die hele mensheid, van geslag tot geslag (Ps. 33:11b)! Wat is God se gemeenskap met die mens? Die mens is nie raadgewer nie, maar skepsel. Die Verbondsgod kyk “van die hemel af; Hy sien al die mensekinders”. God sien hulle sonde raak. Maar God sê ook: “Welgeluksalig is die nasie wie se God die HERE is, die volk wat Hy vir Hom as erfdeel uitgekies het.” Deur God se Gees het Hy mense tot geloof gekies en deur sy Seun het Hy hulle tot die ewige lewe gered. Mý lewe is ook in sy Raadsplan opgeneem!

En ons reaksie op sy redding? Ons moet op sy goedertierenheid wag (vertrou, hoop, verbly)! Dit álles is deur sy genade en liefde waarmee Hy gemeenskap met ons hou.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1-6*
*Ds. AH Stavast (Arie) (emeritus)*